HEIL DIE LESER

OPNAME VAN BOERE SE BEHOEFTES: AUG / SEPT 2023

As boer is u die vernaamste skakel in die voedselwaardeketting, naas die verbruiker. Boere in Suid-Afrika word egter voortdurend gekonfontreer met ‘n wisselende sosio-polities-ekonomiese omgewing wat volgehoue druk plaas op die winsgewendheid van plase. Een van die wyses waarop boere ondersteun kan word om hulle uitdagings die hoof te bied, is om te verskeker dat die dienste wat hulle benodig, aangebied kan word deur die mees geskikte diensverskaffer.

Die Department van Landbou: Wes-Kaap het OABS in Junie 2023 aangestel om ‘n diagnostiese en ontwerp-evaluasie te doen van die onderskeie kategorieë boere se behoeftes met betrekking tot dienste - **“A diagnostic and design evaluation of the service needs of different farmer categories in the Western Cape”**.

Die projek bestaan uit twee sleutelelemente:

- Die **diagnostiese studie** word gedoen om **vas te stel wat die behoeftes van die onderskeie** kategorieë boere is, in watter van hierdie behoeftes daar tans voldoen word, en indien nie op onbevredigende wyse, die redes daarvoor – hierdie deel behels ‘n situasie-analise en prioritisering van die onderskeie kategorieë boere.

- Die ontwerp-evaluasie word gedoen ten einde behoeftes aan te spreek waarin daar tans nie op ‘n bevredigende wyse voldoen word nie deur oorweging te skenk aan die herontwerp van beide openbare en privaat instellings en stelsels.

Ons is van mening dat hierdie projek aansienlik sal bydra om die Department van Landbou: Wes-Kaap te ondersteun om hulle dienste met die behoeftes van die onderskeie kategorieë boere (bestaans- en kleinboere, asook kommersiële boere) te belyn. Die studie sal ook ‘n aanbeveling maak ten opsigte van watter dienste deur ander agri-diensverskaffers (openbare asook privaat sektor) gelewer moet word ten einde boere te help om volhoubaar te boer.

Hierdie is ‘n unieke geleentheid vir u as boer om ‘n inset te lewer wat kan bydra tot die verbetering van dienslewering aan die landbousektor in die Wes-Kaap. Ons versoek dat u ons sal ondersteun en daarmee behulpsaam sal wees om -

- alle mede-produsente in u omgewing van die projek bewus te maak asook om boere- en industrieleiers te aan te moedig om hulle samewerking te gee wanneer dit versoek word;

- ons elektroniese vraelys in te vul soos opgestel in “Survey Monkey”. Die inligting word anoniem verwerk met slegs ‘n nommer as verwysing. Geen naam word gevra of aan die inligting wat u verskaf, gekoppel nie.

Die skakel na die “Survey Monkey” vraelys is (klik op skakel): **Afrikaans**

Die OABS-span wat die navorsing gaan doen, bestaan uit:

Dr Daan Louw 082 857 3458 (Projelkeier en Direkteur: OABS)
Dr Hamman Oosthuizen 082 783 6192 (Besturende Direkteur, OABS)

Dr André Jooste	083 307 3703
Prof Johan van Rooyen	082 785 3300
Mnr Ryan Newborn	082 305 2914
Dr Annelin Molotsi	082 080 5115
Mnr Enoch Ralehoko	061 526 4294
Me Suzelna Louw	082 569 1191
Me Mariaan van der Burgh	082 876 7237

Benewens die versoek om die “Survey Monkey”-vraelys te voltooi, sal een van die bogemelde span u moontlik binnekort kontak om u na ‘n werkswinkel in u area te nooi om deel te neem aan die formulering van aanbevelings en ‘n breë strategiese raamwerk vir die daarstelling van dienste. U samewerking in hierdie verband sal ons in staat stel om ‘n behoorlike evaluasie te doen en sal dus sal hoog op prys gestel word.

Ons gee u graag die versekering dat alle inligting verstrek as streng vertroulik hanteer sal word. Die identiteit van persone wat die vraelys invul word nie gevra nie en kan ook nie geidentifiseer word deur deelname aan die opname.

Vriendelike groete